Ontmoeting 18

WURMPIE EN MOSSIES

Kinders besef dat hulle waardevol is vir God.

Teks: Matt 10:29-31 en Jesaja 41:14

Hulpmiddels:

- ⊗ Plastiekbak
- ⊗ Halfgekookte Spaghetti
- ⊗ Mieliepitte
- ⊗ Chinese Stokkies ("chop sticks")
- ⊗ Suurwurm-lekker om in die sensoriese bottel te sit
- ⊗ Hout- of polistireenletter "W"
- ⊗ Groterige tak
- ⊗ Toiletpapierrolletjies
- ⊗ Pypskoonmakers
- ⊗ Kopieë van die werkkaarte

Maak 'n Groot letter W (so groot soos jy wil) wat omgedraai 'n M is. (Hout of polistireen letters kan baie goed werk hiervoor.) Gebruik die prent van die wurm om op die W-kant te plak en die prent van die mossie (se beentjies) vir die M-kant. Maak ook 'n bruin boomtak om die wurm en voëltjie op te sit of kry 'n regte boomtak.

WELKOM

Berei 'n plastiekbak voor met halfgekookte spaghetti gemeng met droë mieliepitte. Sit 2 borde weerskante van die plastiekbak neer asook 2 stelle Chinese stokkies. Laat die groep in 2 spanne verdeel. Die een span moet kyk hoeveel wurmpies hulle kan red uit die bak, terwyl die ander groep voëltjiekos moet uithaal (die mieliepitte). Gee vir die eerste vrywilligers uit elke groep saam kans om vir bv. 20 sekondes uit te haal. Gee dan vir die volgende twee vrywilligers (een uit elke groep) kans vir 20 sekondes. Die toeskouers moet hulle spanne aanmoedig om soveel as moontlik spaghetti-stukkies of mieliepitte met die stokkies uit die bak te haal. Kyk watter span die meeste uitgehaal het na 'n sekere tyd.

Speel 'n variasie van "fire on the mountain". Die aanbieder roep 4 basiese opdragte uit waarvan die kinders die bewegings moet uitvoer. Die 4 opdragte is: "Voëls vlieg vlieg vlieg" (Maak vliegbeweging met jou arms en draai in die rondte.); "Voëls pik pik pik" (Gebruik jou hand en buk af grond toe om 'n pik-beweging te maak.); "Wurms seil seil seil" (Lê met jou hele lyf op die grond en maak 'n seil beweging) en "Wurms krul krul krul" (Krul op in 'n bondeltjie soos 'n duisendpoot.). Herhaal die bewegings 'n paar keer. Dit moet nie in volgorde wees nie. Eindig die laaste beweging met die opkrul beweging en gaan oor na die Wyding-gedeelte.

WYDING

Doen eers die **stilword-ritueel** terwyl almal op die grond opgekrul lê. Laat die "wurmpies" nou stadig oopkrul, lewendig word en sing dan die **temalied**.

WOORD

Ons is hierdie kwartaal besig met Snaakse Diere. Ons het al gesels oor 'n donkie, oor miere, sprinkane, en verlede keer oor die ribbok en arend. Kan iemand onthou wat ons van God geleer het verlede keer? God gee vir ons die krag soos dié van 'n ribbok en dié van 'n arend. Vandag gaan ons oor nog 2 diere gesels. Ek gaan vir julle 'n leidraad gee... *(Hou die W regop vir die kinders om te sien. Luister na al die raaiskote.)* Jy kan vir hulle leidrade gee soos: "Ek is 'n insek; ek hou van appels; jy kry my soms onder deurmatjies en ek kan my lyfie in verskillende vorms draai. *(Plak nou die Wurmpie-prentjie op die "W"-kant van die letter.)*

Haal die Bybel uit en blaai na Jesaja 41:14. Laat een van die kinders dit voorlees:

"Moenie bang wees nie, al is jy niks meer as 'n wurm nie, Jakob, al is jy klein, Israel. Ék help jou, sê die Here jou Verlosser, die Heilige van Israel."

Gesels nou oor die volgende stellings:

Ek wonder of jy gehoor het wat die Bybel oor 'n wurm sê.

Ek wonder of jy kan dink wanneer 'n mens maklik soos 'n wurm kan voel.

Ek wonder hoe dit jou laat voel om te weet dat selfs die kleinste wurm waardevol is vir God.

Draai nou die Groot W om. Dit word dan 'n "M".

Ons tweede dier waarvan ons vandag leer, se leidraad lyk nou so... Wat sou julle raai kan dit wees? *(Leidrade kan wees: "Ek hou van saadjies; ek krap graag in die grond rond; ek hou van sing en ek was al op 'n geldstukkie.)* Nooi iemand om Matteus 10:29-31 te lees:

"'n Mens kan twee mossies verkoop vir een sent. Hulle is baie goedkoop. Maar nie een van hulle val dood op die grond as julle Vader dit nie wil hê nie. Julle is vir God baie belangriker as baie mossies. God weet presies hoeveel hare op elke mens se kop is. Daarom moet julle nie bang wees vir mense nie."

Gesels nou oor die volgende stellings:

Ek wonder of jy gehoor het wat die Bybel oor 'n mossie sê.

Ek wonder of jy kan dink wanneer 'n mens maklik soos 'n klein mossie kan voel.

Ek wonder hoe dit jou laat voel om te weet dat selfs die kleinste mossie waardevol is vir God.

Draai nou die M weer om sodat dit 'n W vorm. Altwee die diere leer ons iets van wie ons is in God se oë - Waardevol. Wat dink jy beteken die woord "waardevol"?

Ons kan sê die woord waardevol beteken: "Ek is kosbaar." Hierdie Bybelvers sê vir ons dat ons waardevol/kosbaar is in God se oë. Ons is so waardevol dat Hy vir elkeen van ons spesiaal en uniek gemaak het. Daar is net een soos jy!

Sing nou Liedboek 509: 2,3: ("Op berge en in dale" se tweede en derde verse)

"Sy troue vaderoë sien alles van naby;
ons leef uit sy vermoë - word deur sy Gees gelei.
Die swaeltjies behoed Hy, beklee met gras die dal;
die kleinste wurmpie voed Hy, sorg vir die groot heelal.
Die diere op die aarde, die visse in die see,
die mossie en die arend, die blomme, veld en vee,
met al sy ander werke, verkondig dag en nag
sy goedheid sonder perke; die grootheid van sy mag."

WERSKAF

- Gebruik toiletpapierrolletjies en pypskoonmakers om 'n wurmpie of 'n voëltjie te maak. Kinders kan hul voëltjie of wurmpie aan die boomtak kom vasmaak.
- Laat die kinders die werkkaarte voltooi (verskillendes vir gr 1-3 en graad 4-6).
- Vir graad 4 – 6: Voltooi die sinne en kies watter een van die veelvuldige keusevrae by jou pas.
- Vir graad 1 – 3: Teken in die groot ovaal in die middel 'n prentjie hoe jy vir jouself lyk. Teken in die 4 buitenste ovale prentjies van dinge waarvan jy baie hou. Na die tyd kry die groepie kans om hul prentjies te deel en mekaar se andersheid raak te sien.
- Gebruik houtblokkies of harde karton en die verkleinde patroon van die wurmpies en mossiebene om vir elke kind 'n "W" te maak wat hulle huis toe kan neem as herinne-ring dat hulle waardevol is. 'n Ander opsie is om 'n "skoon" W te gebruik en elke kind kan self "Ek is waardevol" daarin skryf.
- Kinders maak 'n W "badge" wat met 'n speldjie vasge-steek kan word teen hul klere om hulle te herinner dat hulle waardevol is.

Sluit af met die **seënbede**.

Ek is waardevol in God se oë.



Daar is net 1 soos ek!

EK IS WAARDEVOL IN GOD SE OË:

My naam is _____ .

Ek is goed met _____ .

Ek wil eendag 'n _____ word.

Ek hou daarvan om tussen baie mense te wees. / Ek hou daarvan om meer by myself te wees.

Ek kies: Soet of sout

Buite of binne

Geel of Groen

Swem of Bergklim

Popcorn of Smarties

Niemand weet dat ek eintlik _____ is nie.

DAAR IS NET EEN SOOS EK!